Waar is julle geloof

Lukas 8:22 – 26. Lees!!!

Die Here Jesus het toegelaat dat die dissipels 'n **angswekkende ondervinding** daar op die see van Galiléa beleef, sodat hulle daardeur 'n **groot les** kon leer.

Terwyl hulle oor die see gevaar het, het hulle 'n **baie gevaarlike ondervinding** beleef. 'n Storm het oor die see getrek en gedreig om hulle te **verswelg**.

Die golwe was van so 'n aard dat dit binne in die **boot ingeslaan** het, die boot het begin om **vol water** te word, en die gevaar het ontstaan dat die boot gaan **sink**. Dit was 'n **nagmerrie** situasie.

Die Engelse vertaling sê:

> 24 "And behold, **there arose a great tempest in the sea**, inso - much that the boat was **covered with the waves**: but He was asleep."

En hierdie woord tempest beteken volgens Vine:

Hurricane, **cyclone**, **whirlwind**.

Presies wat die **omvang** van die storm was weet ons nie, maar die dissipels sê: "hulle was besig om te **vergaan**."

Terwyl hierdie storm aan die woed was, het Jesus agter in die skuit **gelê en slaap**. Sy **vleeslike liggaam** het rus nodig gehad. Dit bevestig vir ons, dat Jesus werklik **ook mens** was.

Die liggaam van Jesus het **dieselfde behoefte** gehad, wat **ons liggame** ook het.

As **mens** het Jesus agter in die skuit **gelê en slaap**. As **God** is Hy die **bewaarder** van Isreal wat **nooit sluimer of slaap** nie. (Ps. 121:4)

Matt. 8:25 "Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: **Here, red ons, ons vergaan**!"

Luk.8: 24 "Hy staan toe op en **bestraf die wind en die watergolwe**, en hulle het **bedaar** en daar het 'n **stilte gekom**.

> 25 En Hy sê vir hulle: **Waar is julle geloof**?"……

Jesus bestraf die **storm op die see** en ook die storm in **Sy dissipels se harte**. "**Waar is julle geloof**?"

Hieruit is daar vir ons **twee lesse** te leer.

1. Die eerste.

Geloof verhoed nie dat daar storms in ons lewens kom nie.

Maak nie saak hoe **groot** of **sterk** of **standvastig** ons geloof is nie, daar sal **nog steeds storms** wees.

Deur Jesus se **antwoord** aan die dissipels hou Hy hulle nie **verantwoordelik** vir die **storm** nie, maar wel vir **hulle reaksie** teenoor die storm, Jesus **veroordeel die manier** wat hulle **reageer**.

Hulle het **gevrees**, hulle was **bang**, hulle het **gedink die einde** het vir hulle aangebreek. "**Waar is julle geloof**?"

Wie was **verantwoordelik** vir die storm? Min mense wil hieroor **saamstem**, tog kan daar net **twee moontlikhede** wees.

1a) Die **vyand** veroorsaak storms. Die **duiwel** kon daardie **storm** of **orkaan** of **dwarrelwind** op die see gebring het.

Ef.2:2. "waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die **owerste van die mag van die lug**, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,"

Die duiwel word die **owerste** van die **mag van die lug** genoem. Hy het dus 'n **sekere mag** in die **lug** om ook **storms** te kan veroorsaak. Die duiwel is **in staat** om storms te laat woed.

En gewoonlik is hy **baie goed** daarmee, hy **weet presies waar** en **wanneer** daar 'n storm moet plaasvind. Hy **hou** van storms, hy is **lief** vir storms, hy **geniet dit** om storms in ons **lewens te stuur**.

Die duiwel is 'n **spesialis** op die gebied van storms.

Deur **hierdie storm** wat daar op die see van Galiléa uitgebars het wou die duiwel heelwaarskynlik vir **Jesus** en die **dissipels ombring**. So iets kan ons van hom **te wagte** wees.

Hy probeer om die lewe so **ondraaglik as moontlik** vir **God se kinders** te maak.

Hy stuur **storms** op ons weg, hy stuur **orkane**, hy **stuur siklone**, hy stuur **dwarrelwinde**, hy stuur **enigeiets**, solank hy net ons lewens kan **deurmekaarkrap** en **verwoes**.

Hy gebruik jou **familie**, hy gebriuk jou **vriende**, hy gebruik **enige mens** om jou lewe **omvêr te werp** en om **verwarringe** en **krisisse** te veroorsaak.

Dit is waarom die mens vir wie jy die **liefste** is, jou gewoonlik die **seerste** maak. Die duiwel gebruik **almal**, en hy gebruik ook kinders van God om ander **seer te maak** en **moeilikheid** te veroorsaak,

Dit is waarom daar so baie **tweespalt in die kerke** is. Dit is waarom ons nie kan **saamstem** en een van **sin** en een van **siel** kan wees nie.

Ons **geloof in God** sal nie die **aanvalle** en die **storms** van die duiwel **afweer** nie, inteendeel dit maak ons **meer aantreklik** daarvoor.

Wanneer daar dus 'n **storm op ons pad** kom, moet ons nie dink ons **geloof het gefaal**, of **God het ons verlaat** nie, maar ons moet besef, ons geloof word wel op die **proef gestel**.

1b) Ons moet ook besef, **geen storm** kan teen ons woed indien God dit nie **toelaat** nie. Die duiwel het sekere **grense** of **limiete** waarin hy kan werk. Hy is nie **onbeperk** nie.

Wanneer ons dus in 'n **angswekkende situasie beland** is dit nie omdat ons **geloof gefaal** het nie, **geloof verhoed nie storms nie**. **Maar**, geloof **verhoed** dat die storms jou **lewe verwoes**. (Dit is baie belangrik.)

Geloof sal nie keer dat daar **storms plaasvind** nie, maar jou geloof sal **bepaal** hoe jy die storms gaan **hanteer**.

2. **Geloof voorkom vrees**!!! En dit is die tweede les.

a) Ons geloof **vehoed** dat ons **vrees**. Indien die dissipels waarlik **in alles** en in **elke situasie** in Jesus **geglo** het en volkome op Jesus **vertrou** het sou hulle **nie gevrees het nie**, hulle sou nie **bang** gewees het nie.

Vrees is 'n teken dat ons **geloof gefaal** het. Daarom vra Jesus: "Waar is **julle geloof**?"

Wat daar plaasgevind het is 'n absolute **natuurlike situasie**. Enige normale mens sou **vreesbevange** word om te dink die skuit kan **enige oomblik sink** en almal kan daar op die **see vergaan**.

Maar hierdie klein groepe dissipels was **nie veronderstel** om soos **normale mense op te tree** nie, want hulle het **Jesus geken** en Jesus was **saam met hulle in die skuit**, hulle **was nie alleen** in die storm nie.

Hulle was veronderstel om deur daardie **storm** en **krissis** te gaan sonder enige tekens van **vrees** of **bekommernis**.

Elke een van ons het sekerlik al die een of ander stadium in ons lewe **vrees beleef**. Vrees vir die **toekoms**, vrees vir die **dag wat kom**, vrees vir **verwerping**, vrees vir jou **huwelik**, vrees vir jou **werk**, vrees vir jou **finansies,**

Daagliks beleef ons die een of ander **vorm van vrees**. Ons lewe in 'n **stresvolle wêreld**, vrees is aan die **orde van die dag**, stres is niks anders as **vrees** nie.

En vrees kom as gevolg van 'n **gebrek aan geloof**. Vrees kom nie van **buite** van ons **omstandighede** af nie, maar van **binne** vanuit ons **ongeloof**.

Ons is baie maal suksesvol om ons **ongeloof weg te steek**. Ons steek dit weg agter 'n masker van **sukses** en **selfvertroue**, ons steek dit weg agter 'n masker van **leë woorde** en **dade**,

Maar die feit is ons kan dit nie **vir ewig kan verbloem** nie, die een of ander tyd sal dit wel deur die **masker breek** om **baie duidelik** op die **voorgrond te tree**.

Ons ongeloof word ontmasker deur **siektetoestande** en **emosionele** toestande wat deur **vrees en spanning** veroorsaak word.

Dit is wanneer ons begin om **sielkundiges** te besoek en **hulp te soek** en dan word ons **behandel vir stres** wat in werklikheid deur ons **ongeloof veroorsaak** is.

Vrees is as gevolg van **ongeloof**, dit is wanneer ons **geloof ons faal**, wanneer ons begin **om te vrees**.

Die **krissis** kom nie as gevolg van **ongeloof** nie, maar **vrees** kom as gevolg van **ongeloof**.

b) Die **geloof wat verhoed** dat ons **vrees**, vind ons in **Jesus Christus**.

Jesus wou hê dat Sy dissipels **volkome op Hom sou vertrou**, maak nie saak wat die **omstandighede** mag wees nie.

Jesus vestig hulle aandag daarop, dat Hy **bevoeg is** om **elke situasie te hanteer** maak nie saak wat gebeur nie.

Ons geloof moet in Jesus Christus **gegrondves** wees en nie in **ons eie moontlikhede** nie. Ons geloof rus in **Jesus Christus**, en daarom moet ons ook **weet wie** Hy waarlik is.

Indien ons **weet wie Jesus is** sal ons ook **glo dat alles vir Hom moontlik** is.

Hoe kon die dissipels **ooit dink** dat Jesus Christus, **God geopenbaar** in die vlees, deur 'n **stormpie op die see oorweldig** sou word.

Ons moet weet **wie Jesus waarlik** is. Hy **is God lofwaardig tot in alle ewigheid**. Ons geloof berus in **wie Hy is**. En ons gee onsself oor aan die Een wat by magte is om **elke krissis** wat op ons pad mag kom te **hanteer**.

Fil. 2:9 "Daarom het God Hom ook **uitermate verhoog** en **Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is**,
10 sodat in die **Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel** en die wat **op die aarde** en die wat **onder die aarde** is,"

Elke **knie** moet buig voor die Naam van die Here, elke **krissis** moet buig voor die Naam van die Here, elke **storm** en elke **orkaan** moet buig voor die Naam van die Here.

Want aan Hom is gegee, 'n **Naam bo elke Naam**.

Matt 28:18 "En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: **Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde**.

En dit het Hy gesê omdat **Hy God is**. Alle mag behoort aan die Here, alle **ander gesag** is aan **Sy gesag onderworpe**.

Luk 8:22 "En op een van daardie dae het Hy en sy dissipels in 'n skuit gegaan; en Hy het vir hulle gesê: **Laat ons oorvaar na die oorkant van die see**."

Jesus sê: "Laat ons oorvaar na die **anderkant** van die see."

Wat Jesus sê, dit **doen Hy**, 'n storm sal nie Sy **voornemens verydel** nie.

Indien die Here aan ons 'n **belofte maak** of 'n **opdrag** geee, sal dit **uitgevoer** word, daarvan kan ons **seker wees**. Indien die Here ons na 'n **plek stuur** of **lei**, sal ons daar uitkom, maak nie saak **wat gebeur** nie.

Ons geloof berus in die **belofte van God**. **God doen wat Hy sê**!!!

Maar **vrees** maak dat ons **God se beloftes vergeet**, **ons vergeet Wie is in beheer**.

Ons vergeet van al die **getuienisse** rondom Jesus, die **Woord van God**, **broers** en **susters** wat getuig asook ons **eie ervaringe** met die Here.

Soveel male **vergeet ons** om Jesus in ons **booitjie in te nooi**, en dan wil ons op ons **eie kragte** oor die **oseane** van hierdie lewe vaar.

En so dikwels wanneer ons in ‘n krissis situasie beland roep ons uit: “**Here gee U nie om dat ek vergaan nie**!!”

Maar ons het Jesus **nooit saamgenooi** nie.

Wanneer **Jesus in ons bootjies is**, **sal ons veilig aan land kom**, want geen storm kan **Hom oorweldig** nie.

Het ons Jesus al **saamgevra**?

Het ons Jesus al **uitgenooi**?

Is Jesus vandag **in ons lewensbootjies**?

Wie wil Jesus **vandag innooi** om saam met hom oor te vaar?